
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is DRIE keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes van elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm beantwoord NIE.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE**

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1



FIGUUR A: **Tekstielontwerp ter ere van Swart Geskiedenis-maand ('Black History Month')** deur Spoonflower (VSA), 2020.

1.1.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsel in FIGUUR A hierbo:

- Fatsoen
- Kleur
- Lyn
- Ritme (4 x 2) (8)

1.1.2 Verduidelik hoe die patrone in FIGUUR A Afrika-geïnspireerd is. (2)
**[10]**

OF
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2



FIGUUR B: **Raku-gebakte keramiek- en mandjiewerk-houer** deur
Willow Bend Studio-ontwerpers Marc Jenesel en Karen Pierce (VSA), 2018.

1.2.1 Analiseer die ontwerp in FIGUUR B hierbo deur na die volgende te verwys:

- Beweging
- Die gebruik van tekstuur
- Die vorm
- Die eklektiese aard daarvan (4 x 2) (8)

1.2.2 Dink jy dat die houer in FIGUUR B 'n dekoratiewe of 'n funksionele ontwerp is? Gee redes vir jou antwoord. (2)

**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP

2.1




FIGUUR C: **Geslagstereotipe-veldtogplakkaat** deur
Lindsay Helms (VSA), 2017.

Verduidelik hoe beelde en teks gebruik word om die boodskap van geslagstereotipering in FIGUUR C hierbo oor te dra. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2



FIGUUR D: **Tradisionele amaZulu-haarstyl** (Suid-Afrika), 2022.



FIGUUR E: **Modieuse byekorfhaarstyl** (VSA), 1960's.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die haarstylontwerpe in FIGUUR D en FIGUUR E vergelyk met verwysing na die volgende:

- Invloede
- Vorm
- Tekstuur (3 x 2) (6)

**[10]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: ARGITEKTUUR**

**Beantwoord VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2 ÓF VRAAG 3.3.**

3.1



FIGUUR F: Opgeknapte **Panathenaic-stadion** in opdrag van staatsman Lykourgos (Athene, Griekeland), circa 330 VHJ.





FIGUUR G: **Marqués de Riscal Hotel- en Wynkelder-kompleks** deur Frank Gehry (Spanje), 2006.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die Antieke Griekse stadion in FIGUUR F met die kontemporêre hotel- en wynkelder-kompleks in FIGUUR G vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede
- Materiale
- Vorm
- Betekenis van terrein/ligging
- Funksie (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/struktuur of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige kontemporêre gebou/struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Versiering
- Funksie (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/struktuur of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige Inheemse Kennisstelsels-gebou/struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Versiering
- Funksie (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die visuele beelde (prentjies) hieronder en beantwoord die vraag op die volgende bladsy.


**Kuns en Kunsvlyt**


**Art Deco**


**De Stijl**


**Bauhaus**


**Modernisme**


**Skandinawies**


**Pop-ontwerp**


**Postmodernisme**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**'n Goeie ontwerp moet beide funksioneel en esteties bevredigend wees.**

Kies enige TWEE van die ontwerpbewegings/-style wat deur die visuele beelde (prentjies) op die vorige bladsy voorgestel word, wat die stelling hierbo ondersteun.

- Kuns en Kunsvlyt
- Art Deco
- De Stijl
- Bauhaus
- Modernisme
- Skandinawies
- Pop-ontwerp
- Postmodernisme

Skryf TWEE afsonderlike opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy na die volgende verwys:

- Verduidelik hoe die stelling hierbo verband hou met ELKE beweging wat jy gekies het.
- Die doelwitte en invloede van ELKE beweging
- Die stilistiese kenmerke van ELKE beweging
- Noem 'n ontwerper en ontwerp uit ELKE beweging en bespreek hierdie ontwerpe om jou antwoord te motiveer. (2 x 10) **[20]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2



FIGUUR H: **Dekonstruktivisme-ring** deur Anneke Schat (Nederland), circa 2015.



FIGUUR I: **Art Nouveau-ring** deur René Lalique (Frankryk), circa 1900.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die ringe in FIGUUR H en FIGUUR I hierbo vergelyk en verduidelik hoe hulle tipies is van die bewegings wat hulle verteenwoordig.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Doelwitte
- Invloede
- Gebruik van lyn
- Ritme
- Ergonomie (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1



FIGUUR J: **Rockson Square-trap** deur
Arthur Erickson Architects (Kanada), 1983.

5.1.1 Bespreek TWEE positiewe en TWEE negatiewe funksionele ontwerpkenmerke van die trap in FIGUUR J hierbo. (4)

5.1.2 In TWEE afsonderlike opstelle (ten minste EEN bladsy elk), bespreek hoe sosiokulturele kwessies in die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep **EN** EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep aangeraak word.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Die naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN ontwerp wat sosiokulturele kwessies aanraak
- 'n Bespreking van die doelwitte, materiale en tegnieke wat deur die ontwerper/ontwerpgroep gebruik word om sosiokulturele kwessies aan te raak
- 'n Ontleding van die ontwerp om te verduidelik hoe die werk sosiokulturele kwessies aanraak

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)
**[20]**

**OF**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2





FIGUUR K: **Voëlnes('Bird's Nest')-swembadtuinhuisie** ('n buitelug-struktuur wat skadu teen die son verskaf en vir buitelugonthaal gebruik kan word), Jao Kamp Okavango Delta-lodge (Botswana), 2022.

5.2.1 Verduidelik die rol wat Inheemse Kunshandwerk-tegnieke in die Suid-Afrikaanse toerismebedryf kan speel met verwysing na die ontwerp in FIGUUR K hierbo. (2)

5.2.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy EEN inheemse tradisionele kunshandwerk bespreek wat jy hierdie jaar bestudeer het. Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van EEN tradisionele kunshandwerk-/inheemse kultuur-gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk gemaak het
- Die materiale, metodes en prosesse wat gebruik is om die tradisionele kunshandwerk te maak
- Die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk in die tradisionele konteks daarvan (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die werk bespreek van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper/-ontwerpgroep wie se ontwerpe die aanpassing van inheemse kunshandwerktegnieke weerspieël om unieke en kontemporêre ontwerpe te skep.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van ontwerper/groep en EEN kontemporêre ontwerpproduk
- Doelwitte, invloede en materiale van die ontwerper/ontwerpgroep se werk
- 'n Bespreking van hoe tradisionele kunshandwerktegnieke/ -metodes op die kontemporêre ontwerpproduk toegepas is

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (10)

**[20]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6**

6.1



FIGUUR L: **Herontwerpte en volhoubare mode-reeks** deur Katekani Moreku (Durban), 2022.

In 'n praatjie oor herontwerpe in sy werk, het Katekani Moreku gesê: 'Ek dink die toekoms lê in volhoubaarheid – dit is ons plig as ontwerpers om in die behoeftes van die huidige generasie te voorsien sonder om die behoeftes van die toekomstige generasie te ruïneer.'

Bespreek Katekani Moreku se stelling hierbo deur na sy mode-reeks te verwys wat in FIGUUR L gesien kan word. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse EN EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpgroep bespreek wie se ontwerpe volhoubaar is en omgewingskwessies ondersoek.

Verwys na die volgende in jou opstelle:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN van sy/haar/hulle ontwerpe
- Doelwitte, materiale en prosesse
- 'n Ontleding van die ontwerpproduk, met 'n verduideliking waarom dit volhoubaar is en hoe dit omgewingskwessies aanraak

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African